KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. ROUX: Dankie, mnr. die Voorsitter. Luitenant Ras, u het gehoor waaroor die gesprek nou gegaan het en daar is net sekere aspekte wat ons wil uitlig en meer spesifiek mee wil handel in u getuienis en ek gaan dit vraag-gewys doen. Die eerste aspek wat ek wil hê u die Komitee moet oor inlig is die rede waarom Pholapark binnegegaan is. -- Daardie aand was my opdrag gewees van my kaptein ek moet ingaan en 'n peloton, luitenant Gruyvenstein se peloton wat op daardie stadium vasgekeer was onder vuur, om hulle by te staan om te (10) onttrek uit die gebied uit, en dit was my opdrag gewees om daardie mense te gaan uithaal.

MNR. _____: Kan hy net bietjie harder praat?

VOORSITTER: Moet die luitenant dit herhaal? Het u dit gehoor? Did you hear that?

MNR. _____: Nee, maar ek het ... (onhoorbaar)

MNR. ROUX: As u miskien meer klem vir ons op een aspek gelê het, dit is nie soseer die rede waarom u na Pholapark is nie, maar binne-in die residensiele gebied van Pholapark inbeweeg het. -- Dit is reg. Ons moes binne-in beweeg het want daardie (20) mense was op daardie stadium binne-in Pholapark gewees en ons moes ingaan om daardie mense van ons uit te haal. Verder kon ons ook nie daardie mense net daar los nie want hulle het uit vorige, soos die situasie gesprei het, het hulle ook gelaat weet dat hulle nie sal kan onttrek daarso. As hulle onttrek, laat ek eerder so stel, dan sal van of hulle, of ons eie mense seerkry of daar sal dan die mense binne-in Pholapark, waar die hoofrede was hoekom hulle inbeweeg het, wat reeds geskiet het daarso, dan sou daardie mense dalk aangegaan het met skiet binne-in Pholapark. (30)

U het melding gemaak dat, en dit is die afleiding wat ek uit u getuienis maak, dat u van mening was dat hulle in 'n selfverdedigende situasie gevind het, luitenant Gruyvenstein, dat om daardie rede hulp verleen moes word. Het ek u korrek verstaan daar? -- Dit is reg. Dit is wat ek gesê het.

Sou u sê dat u optrede op daardie stadium enigszins met iets meer te doen gehad het as om hulle te gaan help om hulle self te verdedig of om te gaan om daardie persone te beskerm op wie gevuur word? -- Nee.

Ek wil vir u vra dat u aan die Komitee moet verduidelik (10) dat nadat die staak vuur plaasgevind het, hoe u te werk gegaan het, wat die rede was, en hoe u te werk gegaan het met die sogenaamde vee-operasie. -- Onmiddellik nadat ons die staak vuur sein gegee het, het ek vir luitenant Gruyvenstein en sy mense gesê hulle kan onttrek uit daardie area uit want ek het nog genoeg mense tot my beskikking gehad om hulle agterhoede te dek. In die weermag gebruik ons altyd, ons sê ons beweeg in spronge. Jy stuur altyd 'n mag vooruit en dan, daarna onttrek jy self. Hulle het onmiddellik onttrek na die, in die omgewing van die ANC kantoor. As ek nou vinnig moet dink, 'n (20) noordoostelike rigting. So net nadat hulle onttrek het, het ek toe met my mense ook onttrek. Ek het by die ANC kantoor bymekaargekom en daarso het ons vyf minute gespandeer, 'n vinnige "roll call" gehou, soos ons op die grond dit noem, 'n appèl, en bevestig dat geen van ons mense het seergekry en dat ons nie dalk iemand agtergelos het in die steeg nie. Daarna het ons toe opgestel en die veelyn, soos wat ek al voorheen verduidelik het. Ek het die rigting vir die mense aangedui asook die doel en alles vir hulle deurgegee in Portugees, wat ook herhaal is deur die pelotonsersante op die grond en ook die (30)

seksieleiers/...

seksieleiers. Die mense het toe begin vee in die rigting van die sokkerveld aan die oorkant van Pholapark. Op daardie stadium het luitenant Van der Mescht toe vir my laat weet dat hy inligting gekry het dat daar 'n spesifieke huis, dat daar in daardie spesifieke huis wapens gebêre was en dat die man wat by hom was, sê die wapens is op daardie stadium daar.

Jammer, as ek u kan onderbreek? Dit het reeds in die vorige getuienis uitgekom dat u in bevel was van daardie vee-operasie. Wat ek van u wil weet, toe u begin het met die vee-operasie, u het appèl geneem en dies meer, wat was die omstandighede wat op daardie stadium geheers het in Pholapark? Daar was nou staak vuur en julle staan nou op die kant daarvan en gereed om met 'n veelyn te begin. Wat was u waarmenings? Wat gaan op daardie stadium aan in Pholapark? -- Op daardie stadium was Pholapark ontsettend stil gewees. Daar was, soos ek al voorheen ook gesê het, ek het nie eers honde hoor blaf nie. Dit was ontsettend stil gewees. Dit was baie gespanne gewees. Die hele atmosfeer was gespanne gewees. Ek sou sê die mense was bang ook, ekself ek was bang gewees, maar ek het 'n werk om te doen en daarom sal my dissipline is van, tot daartoe in staat om my deur te help. Ek is nie bang dat ek "jittery" raak nie. Ek, ek sal nog my kop hou. Verder kan ek maar net sê dat die atmosfeer was gespanne gewees want daar was so pas op ons geskiet gewees, van ons mense is raakgeskiet gewees. So die atmosfeer was gespanne gewees. (10)

Binne-in Pholapark, met verwysing na die inwoners, sou u sê dat daar 'n beweging van inwoners was wat u waargeneem het, of sou u sê dat die inwoners meer beperk was tot hulle huise? Wat sou die situasie wees? -- Ek sal nou nie kan sê of hulle beperk was tot hulle huise nie, maar op daardie stadium (20)

het/...

het ek geen mense op straat gesien nie. Tydens, deur die hele vee-operasie het ons weinig mense by, het ons min mense kan ek maar sê teëgekome, maar op daardie stadium het ek geen mense gesien nie.

Sou u sê op die stadium toe die vee-operasie 'n aanvang geneem het, daar nog aktiwiteite aan die gang was soos byvoorbeeld mense wat saam by 'n "shebeen", 'n smokkelkroeg, gesit het en gedrink het en dies meer? -- Ek sal dan nie kan sê aan die ander kant van Pholapark nie, maar in die omgewing waar ons was, was dit uiters stil gewees en daar was nie mense (10) gewees op straat nie.

U het melding gemaak dat u inligting ontvang het van dat daar wapens by 'n sekere huis sou wees. Nou weet van huis L251? Dit is die huis waar mnr. Msimango in was. U weet waar dit min of meer is? -- Dit is korrek. Ek het ... (tussenbei)

Nou ek wil hê u moet asseblief aan die Komitee verduidelik, in verhouding met die kant wat hierdie veelyn gevoer het en in verhouding met Msimango se huis, waar die huis sou wees wat u die inligting gekry het wat wapens sou geberg het. -- As ek dalk die kaart kan vat en op die kaart vir u verduidelik? (20) (Pouse) Ek het aangedui daarso met 'n kruis die huis wat ons deursoek het, die winkel wat vir ons aangedui is waar die wapens weggesteek is. Dit is reg in lyn met die huis waarin mnr. Msimango bly. Daardie huis sou dan deur ons deursoek gewees het of indien ons dan gevind het dat daarso in die huis was, wat ons beleid op daardie stadium was, sodra ons 'n huis kry met gate in, dan sal ons daardie huis deursoek. Wat egter gebeur het daardie aand is as volg: Die ouens het met die volgende seksie van luitenant Van der Mescht het ons afgegaan en ons het daardie smokkelwinkel wat ek geïdentifiseer het, het (30)

ons/...

ons begin deursoek, en soos ons alreeds weet, het ek ongeveer 30 tot 35 minute deurgebring by die huis wat uit 'n kompleks van drie of vier huisies bestaan wat ons deursoek het. Intussen het die res van die veelyn voortgegaan deur Pholapark en hulle was reeds aan die ander kant, aan die oorkant van Pholapark besig om op te vorm en op die voertuie te klim om terug te beweeg na ons basis toe. Toe het hulle vir my laat weet hulle is reeds klaar, ongeveer waar trek ek nou met my vee-aksie? Toe het ek vir hulle gesê nee, ek is nog steeds by die huis wat ons deursoek, maar ons sal egter nou vinnig aan (10) beweeg na die sokkerveld toe. Ons het toe beweeg tot in die steeg waarin ons die vuur getrek het en waarna ons terugskiet het. Die huise reg rondom die stegie, die onmiddellike huise waarna ons geskiet het, die huis waarna ek persoonlik na geskiet het asook verskeie ander huise het ons toe, as die deur oop was, binne-in gekyk, as ons kon by die vensters ingeloer met flitse as die deur gesluit was. Ons het geen huise oopgebreek in daardie stegie nie. Verder van daar af het ons toe in enkelgelid reguit deurgestap tot by die ander kant so vinnig as moontlik om by die Buffels toe kom. Op daardie stadium was (20) ons ongeveer 10 tot 12 man op die grond, met my grootste mag aan die oorkant op die sokkerveld, reeds besig om op die voertuie te klim. Dit was vir my 'n potensieel gevaarlike situasie want indien ons nou sou vuur trek sou ons nie kon terugskiet nie want ons sal dalk ons eie mense kan raak skiet aan die oorkant of die mense aan die oorkant kan dalk vuur terug lewer in ons rigting. Toe het ons so vinnig as moontlik deur die huise gestap, 'n enkellinie, ek heel voor, luitenant Van der Mesch heel agter en ons is reguit deur tot by die Buffels. (30)

Toe/...

Toe u agtergebly het by die huis waar die ondersoek plaasgevind het, wie het bevel gehad dan van die veelinie wat voortbeweeg het? -- Ek en luitenant Van der Mescht was agter, het agtergebly by die huis. Op daardie stadium was luitenant Gruyvenstein egter in bevel gewees van die res van die linie wat nog steeds aanhou vee het. Onder hom het hy toe verskeie seksieleiers gehad. Ek kan net dink, ongeveer sewe tot agt korporaals wat nou beheer het oor hulle mense.

Die gedeelte, die lyn wat u in was, ek dink as dit net op rekord duidelik kan blyk, u sou met ander woorde eers by die huis gekom het waar die inligting was en sou u dan voortbeweeg het, as dit nie vir daardie huis was nie dan sou u groepie mnr. Msimango se huis aangetref het, is dit korrek? -- Dit is reg. (10)

Moet ek aflei uit u getuienis dat die ander persone het met ander woorde daardie veelyn waarin u sou beweeg het, het dit gelos vir u om daarna te vee, na die ondersoek van die huis waar die inligting was? -- Dit is reg.

Moet ek dan verstaan in u getuienis dat nadat u die berig ontvang het dat hulle reeds aan die ander kant was, u steeds nog by daardie huis was, besig met ondersoek? -- Dit is reg. (20)

Dat u so te sê besef het dat u net die paar mense is wat alleen oorbly on Pholapark? -- Dit is reg.

Dat u vee-operasie dan in die lyn wat u sou beweeg het dan in 'n baie ligte graad sou gewees het? -- Dit is korrek.

MR. PRETORIUS: Dit is te leidend. Ek maak beswaar.

VOORSITTER: Ja, u vra nou leidende vrae.

MNR. ROUX: Dit is so. Ek het nie gedink dat dit besonder kontensieus sou wees nie, maar ek is jammer. Ek kan dit meer omslagtig stel. Luitenant, sê vir my dat vandat u nou weg (30)

beweeg/...

beweeg het en die berig ontvang het dat die persone aan die ander kant was, hoe deeglik was die vee-operasie? -- Soos ek reeds gesê het, het ons vanaf die huis waar ons die deursoeking gedoen het, het ons reguit deurbeweeg na die stegie toe. Ek het nie my veelinie tussen die huis wat ek deursoek het en die stegie waar die huis van mnr. Msimango is, het ek nie gedoen nie. Ek het in 'n enkellinie deurgestap tot by die stegie en in die stegie, die huise direk rondom die stegie het ek deursoek want dit was vir my die belangrikste gewees. Dit was vir my die kern gewees van die hele situasie. Die was vir my (10) die mees logiese in die kort bestek wat ek tot my het, die kort tyd, die kans om 'n gewonde te kry was daarso die grootste gewees en as en daarso niemand gekry het nie, dan gaan ek beslis nie langer daar deursoek as wat ek moet nie want ek moet daar wegkom.

Net om dit op die rekord duidelik te stel, as u praat van enkellinie, hoe sou dit plaasvind? -- Dit is een persoon voor, die res dan in 'n ry agter daardie persoon. Dit is wat ons in die weermag 'n enkellinie noem.

Die gedeelte wat u self waargeneem het, ek het u nou gevra (20) oor omstandighede wat geheers het toe u nou met die vee-operasie sou begin, maar terwyl u nou in Pholapark beweeg het met die vee-operasie, wat is die - vir die oomblik weg van die huise - wat is die waarneming wat u gemaak het ten opsigte van die inwoners van Pholapark? -- Van die inwoners wat ons teëgekome het was bang gewees, skrikkerig. Ek sou nie kon sê presies wat was hulle rede nie. Ek kan maar vir myself indink daar was 'n skietery gewees en in enige woonbuurt waar daar skietery is sal die mense bang wees. Verder het ons, soos ek reeds al gesê het, ook weinig mense teëgekome. (30)

Kan u vir my sê, was daar baie inwoners byvoorbeeld buite, was hulle merendeels in die huise? Wat was die situasie? -- Dit was 'n baie, dit was baie stil gewees. Ons het ontsettend min mense op straat teëgekóm. Dit was buitengewoon stil gewees vir daardie tyd van die aand in Pholapark, as ek vat in teenstelling met vorige geleenthede wat ek ook om en by in daardie tyd in Pholapark was.

Daardie skrikkerige waarneming wat u gemaak het, het u dit ook aangetref by die mense wat buite hulle huise was? -- Dit is korrek.

(10)

Wat presies sou dit gewees het wat u daardie afleiding laat maak? -- Ek het ook by 'n vorige geleentheid al getuienis gelewer van die persoon wat vir ons weggehardloop het, wat ons moes vang en wat toe op die einde van die dag 'n bloot onskuldige siviele persoon was wat maar net geskrik het vir die soldate.

U maak nou melding van die een geleentheid van weggehardloop, maar die ander persone, het hulle daar rondgestaan, het hulle probeer wegkruip, het hulle weggehardloop? Wat was die situasie gewees? -- Die res van die burgerlikes was volgens my binne-in hulle huise gewees. Ek kan nie, hulle was nie op straat nie, so hulle was seker binne-in hulle huise gewees. Tien teen een aan die slaap gewees.

(20)

Kan u onthou hoeveel persone u min of meer buite gekry het in die deel wat u gegee het? -- Ons het weinig gekry. Ek kan onthou dit was min. Ek kan nou nie sê presies hoeveel nie, maar daar was nie baie mense op straat nie.

Nou daardie persone, wat was hulle optrede? U het nou van een melding gemaak wat weggehardloop het, maar was die ander se optrede? -- Die meeste van hulle het, sodra hulle ons

(30)

opgemerk/...

opgemerk het, binne-in hulle huise ingegaan en die huise se deure gesluit. Daar was wel ook gevalle van mense wat jy kon sien die man kom van sy werk af, wat dan ook op pad na sy huis toe was en jy kan sien die man is reguit op pad na sy huis toe.

Die gedeelte toe u in enkellinie voortbeweeg het, wat het toe aangetref met betrekking tot mense buite hulle huise? -- Daar was nog steeds min mense gewees buitekant hulle huise. Ons het wel mense teëgekome wat byvoorbeeld deur die vensters vir ons loer. Ek kan onthou van 'n spesifieke geval van 'n voertuig wat die mense van die werk af teruggekome het. Verder (10) was, ek sou sê heel aan die oorkant van Pholapark, as ek dit nou so kan stel, was die mense se lewenspatroon basies nog dieselfde gewees. Hulle het aangegaan asof normaal.

Hoe lank sou u sê het dit omtrent geneem, as u 'n skatting vir ons kan gee, vandat u in 'n enkellinie beweeg het vanaf die huis wat u deursoek het waarop u inligting het, totdat u aan-gesluit het by die res van u eenheid? -- Dit is moeilik. Ek sal nou nie kan sê nie want in die, ons het nou basies weg, die huis deursoek vir 45 minute. Ons het 'n redelike tydjie in die stegie deurgebring, ek praat van tussen vyf en 10 minute, en (20) daarna was dit nogal 'n redelike afstand ook om af te lê tussen die gehuggies deur, die plakkershutte deur tot by die sokkerveld. Ek kan nie presies sê nie, maar ek sal, ek sal moet raai as ek moet sê.

Het u vinnig, stadig beweeg? As u vir ons daar 'n aanleiding kan gee, die enkellinie beweeg? -- Ons het vinnig deurbeweeg na die persone op die Buffels toe want hulle het reeds vir ons op daardie stadium gewag. Dit was vir my 'n potensieel gevaarlike situasie, soos wat ek gesê het. So ek wou so vinnig as moontlik by my voetuie uitkom en my hele mag (30)

as/...

as sulks bymekaarkry.

Verstaan ek u reg dat nadat u groepie die huis ondersoek het waar die inligting was, was die volgende huise wat ondersoek is die huise wat onmiddellik geleë is aan die steeg? -- Dit is reg.

Hoeveel huise, kan u onthou hoeveel huise het u daar ondersoek? -- Ek kan nie sê presies hoeveel nie, maar ons het die huise waarop ons koeëlgate op daardie stadium kon sien met 'n flits, het ons vlugtig deurgekyk.

Het u enigiets van belang daar aangetref, behalwe nou (10) skade aan die huise? -- Nee.

Die huis L251, was dit 'n huis wat by die steeg was? -- Daardie huis is ongeveer 35 tot 50 meter weg van die steeg af, wat daartoe gelei het dat ons nie daardie huis deursoek het nie.

Mnr. die Voorsitter, kan ek vir u so vra? Ek merk dit is tien voor. Ek het ongelukkig laat ingekom. Of dit moontlik om 'n vervroegde tee te vat dat ek net verneem of dit die hele lyn is wat opdrag gegee is waarvoor getuienis aangebied moet word? Ek is bietjie in 'n moeilike posisie. Dit is moontlik (20) dat ek klaar is, maar ek wil net seker maak dat daar aspekte is wat ek dalk moet uitlig wat ek nie van weet nie.

CHAIRMAN: The Committee will adjourn to enable Mr Roux to get further instructions on issues which he has got to lead the witness on.

THE COMMITTEE ADJOURNS FOR TEA UNTIL 10:15. THE COMMITTEE RESUMES.

VOORSITTER: Mnr. Roux, ek glo u het genoeg geleentheid gehad om u instruksies in orde te kry?

MNR. ROUX: Ek het, baie dankie daarvoor.

(30)

LUITENANT/...

LUITENANT RAS steeds onder eed:

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. ROUX vervolg: Die laaste punt waarna ek wil gaan met u is, ek stel nie belang by name en so aan by 'n insident nie, maar ek wil hê u moet vertel wat se insidente u van kennis dra of na moontlik aan eerstehand-kennis en of daar in daardie gevalle regverdiging was vir 'n aggressiewe of vir 'n geweldadige optrede en of daar nie was nie. As u net daardie insidente vir my sal gee en net sal sê wanneer dit min of meer en waar plaasgevind het. -- Ek weet van drie gevalle wat ek nou al by myself sit en uitmaak het waar (10) daar so hardhandige optrede definitief was. Die een, ek sal hulle nou so vat in die volgorde van waar, van hoe hulle gebeur het. Die eerste een is wat ek gehoor het by luitenant Van der Mescht wat vir my dit gerapporteer het. Dit was terwyl hulle die huis deursoek het, het die man wat die huis uitgewys het, wat saam met hulle binne-in die huis was, het hulle vir hom gesê - om een of ander rede wou die man weghardloop uit die huis uit - ek kan nie, ek is nie presies seker wat die omstandighede was nie, maar die man was onder die indruk gewees dat hy nie meer benodig is daar nie en hy wou weghardloop en een (20) van die troepe wat toe aangestel was om hom te bewaak soort van dat hy nie weghardloop juis daarteen nie, het toe hom ge"trip", of soos ons ook noem sy voete onder hom uitgeskop.

VOORSITTER: Gepootjie? -- Gepootjie, dit is reg. Ek het nou net nie die woord reg gehad daar nie. Die volgende geval was terwyl ons, toe ons klaar was in die stegie waarin ons gesoek het, ons het enkellinie verder gestap, ek het heel voor gestap, so twee, drie troepe agter my het 'n troep weggespring. Hy het iemand tussen die plakkershutte sien weghardloop toe hy, sodra hy my toe gewaar, hy het die man ingehardloop en hom (30)

ge-"tackle"/...

ge-"tackle" so ongeveer 10, 20 meter van my af. Toe ek daar kom toe het ek gesien dit is 'n jong, 16-, 17-jarige seun met so 'n blou windbreker aan. Die mannetjie het weggehardloop en die troep wat self ook 'n jongerige troep is, het vermoed dat die man dalk iets te doen het daarmee, of met die skietery iets te doen gehad het en hy het hom ingehardloop en hom ge-"tackle". Toe hy hom weer op sy voete bring toe was ek bygewees. Ons het die man gevisenteer, ons het niks by hom gekry nie en ons het ook waarvandaan hy gehardloop het, die omgewing waar hy gestaan het, het ons gefynkam so vlugtig, vyf minute, (10) toe sien ons die mannetjie is basies maar seker maar 'n jeugdige wat geskrik het toe hy ons sien en gehardloop het, waarna ons vir hom gesê het hy moet na sy huis toe gaan en gaan slaap, ons is hierso om die vrede te bewaar en hy is toe weg. Die volgende geval is van, is baie naby aan die oorkant. Ons was amper uit Pholapark uit gewees, toe het ons 'n man gesien wat met 'n kombers oor sy skouer tussen die hutte deur loop en hy het vir ons verskriklik verdag voorgekom want op vorige geleentheid en inligting wat ons gekry het, is bewys dat die mense wat komberse dra gewoonlik, of baie gevalle al, 'n (20) vuurwapen onder die kombers weggesteek het. Die man is toe ook deur een van die troepe gevang. Luitenant Van der Mescht het vir my gesê dat die ou is gevang. Hy is, soos wat ons sê hardhandig teen 'n huis se muur vasgegooi. Die rede daarvoor was toe hulle die ou man of die man vang - dit is nou 'n groter man, dit is nou nie die jong man nie, het hy probeer losruk en weggehardloop. Toe het twee troepe toe sy arms gevat en hom styf houvas. Die kombers is toe van hom afgeruk en ons het gesien hy het niks by hom gehad nie. Ek het dit toe daaraan toegeskryf dat die man ook net geskrik het. (30)

MNR. ROUX: Is hy teen die muur gegooi voordat hulle gesien het dat hy niks het nie en voordat hulle sy arms vasgehou het? -- Hy wou weghardloop. Toe het hulle hom teen die muur gegooi en toe het twee ander troepe sy arms gevang want hy wou, lyk of hy wou boks, of hy die mense wou slaan.

VOORSITTER: Het u die voorval self gesien? -- Dit is reg. Ek het dit gesien. Ek was op pad na hulle toe. Toe ek sien hulle hardloop vir die ou man was ek vyf tot ses treë agter hulle gewees.

MNR. ROUX: So dit was nie net 'n geval waar hulle hom gevang (10) het nie? Hulle het iets meer gedoen, hulle het hom teen die muur gegooi? -- Dit is reg.

Enige ander voorvalle of insidente wat u goeie kennis van het wat u betroubaar kan oordra? -- Nee, die res van die gevalle is wat ek van weet, dit is basies die bestek wat ek van weet.

CROSS-EXAMINATION BY MR PITMAN: Can I just put a few preliminary points to you? You yourself, your evidence goes to why you entered Phola Park, but in truth you were only called in as a consequence of some other parties entering Phola (20) Park. Is that correct? -- Dit is reg.

So you have no personal knowledge of why the SADF went into Phola Park in the first place? -- Ek weet van die geval waar die kaptein vir luitenant Gruyvenstein gebeveel het om in te beweeg.

My question is personal knowledge? -- Kan u dalk net dit in Afrikaans - is dit, verstaan ek dit reg as hy sê ... (tussenbei)

VOORSITTER: Dra u persoonlike kennis waarom die eerste groepie na Pholapark toe gegaan het? -- Dit is reg.

(30)

Persoonlik/...

Collection Number: AK2702

Goldstone Commission of Enquiry into PHOLA PARK Records 1992-1993

PUBLISHER:

Publisher: Historical Papers, University of the Witwatersrand

Location: Johannesburg

©2012

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand by the Church of the Province of South Africa.